

23 September Markus 1:40-55; (Teks: 1:40, 41)

Verloste, glo en gehoorsaam

Terwyl Jesus deur Galilea reis, kom 'n melaatse Hom biddend tegemoet: "As U wil kan U my gesond maak." Jesus kry hom jammer en raak hom aan: "Ek wil, word gesond." Die "as" word verander tot "word" en die afgryslieke melaatsheid verander in gesondheid.

Nou kry die geneesde 'n dankbaarheidstoets: "Swyg". Hy moes hom aan die priester gaan toon en die voorgeskrewe offers bring (Lev. 13 en 14). Dit sou hom onder die indruk bring van die grootheid van sy genesing, sowel as vir die priesters as getuienis dien dat Jesus wel die Messias is wat moes kom. Die geneesde melaatse verheug hom slegs oor sy gesondheid sonder om deur te dring tot die ware diepte van die verlossing wat Jesus Christus vir hom bewerkstellig het.

Die ongehoorsaamheid van die geneesde melaatse veroorsaak, soos alle ongehoorsaamheid, hindernisse en blokkasies in die vrye voortgang van die Evangelie. Jesus kon nie meer openlik optree nie en moes gewoonlik buite in die oop veld bly. Tog het die mense van alle kante af na Hom gekom. Sy werk word nooit gekeer nie! Aan ons is die volle God-openbaring bekend. Jesus Christus het al ons siektes op Hom geneem. Hy het die volle verlossingspad geloop. Hy het die dood oorwin! Nou vra Hy van ons om juis dit te doen wat Hy die melaatse belet het om te doen. Ons moet aan almal wat ons op ons lewenspad teëkom, swart, wit en bruin, vertel wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

Sing: Psalm 33:6

Ds. S. Hibbert (Koster)